

HOOFSTUK V.

NATURELLEBUURSTATE (VERVOLG)

Oosgrens: Swasies en Soeloes

Deur die Koopkontrak van 25 Julie 1846 het die Boere die aanspraak van die Swasies op grondgebied erken. Hierdeur is die grondgebied wat min of meer noord en noord-oos aan Swasieland grens, vir 100 aanteelbeeste, wat in twee paaimente betaal moes word, geruil. Die eerste paaimente moes in 'n maand na die kontrak gesluit is en die tweede twee jaar daarna¹ betaal word.

Voor die tweede betaal is, het Kommandant-Generaal W.F. Joubert op 4 Julie 1855 aan die Kommissie-Raad laat weet dat Oemswas nog 'n stuk grond wou verkoop. Die Kommissie-Raad het hom daarop gewys, dat hy volgens die instruksie aan die Kommandant-Generaal geregtig was om sulke sake te skik en verklaar verder:

het allesins wenschlik is om zooveel gronden als moegelyk is van inlandsche stamme te kontrakteeren. 2.

Dit was die beleid wat die Boere teenoor die Inboorlinge

-
1. R. 117/46. Hierdie ooreenkoms is nooit deur die Swasies ontken nie en tog word beweer: "That the lands were not in the gift of a regent of a minor son of a chief whose people had never occupied them did not trouble the Volksraad. A scrap of paper covered with amultitude of short-comings." Walker: The Great Trek, p. 356.
 2. L.I. V.R.N. 27 Okt. 1859, art. 47, E.V.R. Iv. Kom. V.R.N. 4 Junie 1855, art. 20.

- 85.-

gevolg het. Hier het die Boere egter met onafhanklike buurstate te doen gehad. Hulle het die onafhanklikheid van die Swasies erken en moes daar volgens handel. Die Swasies het op grond aanspraak gemaak wat die Boere van broot belang beskou het. Hulle het van die begin af besef, dat verbinding met die see en 'n eie seehawe vir hulle van die grootste belang was. Die houding wat die Boere teenoor die Inboorlinge oos van die Republiek aangeneem het is tot groot mate bepaal deur die begeerte om in verbinding met die see te kom. Hulle was nie tevrede om net in verbinding met Delagoabaai te wees nie, maar wou ook 'n eie seehawe hê. Met die doel voor oë het die Volksraad in die begin van 1847 besluit om 'n kommissie na Inhambane te stuur.¹ Omdat dit in die tyd van die jaar te ongesond was in die laeveld wat die kommissie moes deur gaan, het die nie vertrek nie. Gevolglik het die Volksraad op 20 Junie 1848 weer besluit om 'n kommissie te stuur, om alles te doen het geen te doen is tot best wil voor land en volk het zij vrede te besluiten met den inlandsche stammen om den weg te openen tot Jambana.²

Ook die plan het nie geluk nie.

Kommandant-Generaal Joubert het op 21 Julie 1855 weer 'n ooreenkoms met die Swasies gesluit.³ Volgens die verdrag is 'n smal strook land langs die noordelike oewer van die Pongolarivier tot aan die Lebomboberge aan die Suid-Afrikaanse Republiek afgestaan.⁴ Een van die redes waarom die Swasies die gebied verruil het, was omdat hulle gehoop het, dat die Blankes dit sou bewoon en so 'n skeiding sou vorm tussen hulle en die Soeloos. Toe die Soeloos later die gebied gaan bewoon,

-
1. E.V.R. 104, V.R. 23/47.
 2. V.R.N. 20 Junie 1848, art. 1.
 3. R. 3799/60; R. 685/65; R. 4195/60; Soutter Versameling Pak VII. 1; S.N. 78; L. III, 9; L.I. 3. U.R.B. 13 Maart 1860, art. 1.
 4. Soutter Versameling Pak VII I. V.R.N. 16 April 1855 Art. 10.

het die Swasiekaptein die aandag van die Suid-Afrikaanse Republiek op die verstandhouding, dat die gebied deur blankes bewoon sou word, gevestig¹. Vir die Boere was die ooreenkoms van belang omdat dit hulle nader aanddie see gebring het.

Die grenslyn van die geruilde grond is nie afgebaken nie en die grond is ook nie dadelik deur die Boere bewoon nie. Baie Swasies het hulle in die gebied gaan vestig². Toe aan die Kaptein gevra word waarom hy dit toelaat, het hy geantwoord, dat die Swasies die gebied sou ontruim sodra die Blankes dit bewoon³. Omdat onsekerheid in verband met die gronde by die grens bly staan het, het Potgeiter van Lydenburg in Junie 1865, voorgestel dat 'n Kommissie aangestel moes word om die grenslyn af te baken⁴. Eers in Januarie 1866 het die Uitvoerende Raad 'n Kommissie benoem om die grondkwessies na te gaan⁶. In Junie het die Kommissie die grond wat voorheen afgestaan was deur die Swasies, afgebaken en op 2 Julie 'n nuwe ooreenkoms aangegaan, waardeur nog 'n stuk grond aan die Suid-Afrikaanse Republiek afgestaan is vir 110 beeste en 40 komberse⁷. Vyftig beeste is nog dieselfde maand aan die Swasies betaal en die res van die verpligtinge is in Junie 1867 nagekom⁸.

Hierdie ooreenkomste is deur die Swasies erken en

-
1. L. I. 3. U.R.B. 13 Maart 1860, Art. L.
 2. L. I, 3. U.R.B. 12 November 1858 art. 13; V.R.N. 13 Junie 1859; V.R.N. 13 Junie 1859 art. 39.
 3. L. I. 3, U.R.B. 18 Maart 1860, Art. 4.
 4. R. 449/65.
 5. R. 685/65; U.R., U.R.B. Feb. 1866, art. 73.
 6. Soutter Vers. Pak VII, 3 en Pak. VIII, 3.
 7. Soutter Vers. Pak VII, 3 Verslag van Kommissie.
 8. R. 633/67; R. 64/69.

nagekom. Verlof is van die Suid-Afrikaanse Republiek gevra
wanneer die Swasies hulle in die geruilde gronde wou gaan ves-
tig.¹

Oemswas het na die ooreenkoms met die Blankes hom as 'n
"kind" van die Regering beskou en die Kommandant- Generaal
het van die erkende gesag gebruik gemaak om die Kaptein te
belet om Kommandos uit te stuur na naburige stamme sonder sy
toestemming.² Die Kaptein het ook alles in sy vermoë gedoen
om alles wat tot onenigheid met die Boere kon lei te vermy.
In Julie 1860 vra hy selfs verlof van die Landdros van Lyden-
burg om 'n vrou van hom wat by Soutpansberg was, te laat haal.³

Die Boere het die Swasies ook as 'n soort bondgenoot
beskou. So is in 1861 van die Swasies hulp gevra teen die
opstandige kaffers in die noordelike dele van die Republiek.
Hulle was gewillig, maar was besig om hulle lande te oes en
kon toe nie aan die versoek voldoen nie.⁴ Op 2 November 1863
het die Krygsraad weer besluit om Oemswas om hulp te vra.⁵ As
gevolg van Burgergeskille het die Kommando van die Suid-
Afrikaanse Republiek nie in 1863 uitgetrek nie. In Junie 1864
het 'n Swasiekommando teen die vyande van die Republiek opge-
trek en voor die Kommando van die Boere enige hulp kom verleen,

1. R. 85/69.
2. R. 4195/60.
3. R. 3852/60; R.4000/60; R. 3943/60.
4. L. IV. 12., Dagboek van Landdros van Lydenburg, 9 Julie
en 17 Desember 1861.
5. U.R.B. 22 November 1867, Art. 8, U.R. II.

het die Swasies vir Maleeu aangeval en 'n groot deel van die stam uitgemoor.¹ Die Swasies was in 1864 ook gewillig om die Boere teen die opstandige Mapog te ondersteun maar hulle het 'n aanval van die Soeloos verwag en toe nie opgetrek nie.²

Aan die ander kant het die Swasies gemeen dat hulle op die ondersteuning van die Suid-Afrikaanse Republiek ook kon reken. In Januarie 1871 stuur die Swasies gesante na die Landdros van Lydenburg (A. P. Jansen) om hom te vra om beskerming teen Sekoekoenie en Ketswajo.³ Die Landdros het aan die Swasies voorgestel dat hulle 'n jaarlikse belasting aan die Suid-Afrikaanse Republiek moes betaal, en dan deur die Republiek beskerm sou word. Hiermee was die verteenwoordigers van die Swasies tevrede. Hulle moes eëgter eers die saak vir goedkeuring voor die Koningin en haar Raad lê, terwyl die Landdros die goedkeuring van die Regering moes kry.⁴

Die Uitvoerende Raad het op 20 Maart 1871 besluit om die Koningin te laat weet, dat die Regering gewillig was om haar as onderdaan te neem en 'n kommissie sou stuur om die saak met haar as onderdaan te neem en 'n kommissie sou stuur om die saak met haar te bespreek.⁵ In Desember is 'n Kommissie aangestel.⁶ Hierdie Kommissie het nie die opdrag van die Uitvoerende Raad uitgevoer nie; gevolglik is hulle onderhandelinge deur die Regering afgekeur.⁷ Die Volksraad was van mening dat onderhandelinge weer met die Swasies aangeknoop moes word, en dat by die traktaat wat met die Swasies gesluit moes word,

-
1. R. 384/64; S.N. I. 105/79.
 2. R. 926/64.
 3. Sekoekoenie het 'n dreigende houding aangeneem en in Julie 1870 het 'n Soeloe-impie 'n inval in Swasieland gemaak. R.1114/70.
 4. R. 124/71 - brief van Landdros Jansen.
 5. U.R.B. 20 Maart 1871.
 6. U.R.B. 9 Desember 1871, art. 117.
 7. U.R.B. 7 Februarie 1872, Art. 5.

gevoeg moes word:

dat de Amazwasies zich verbind en om geene gronden af te staan of te verhuuren zonder toestemming van de Z.A.Republiek. 1.

Op 19 Desember 1874 het die Kommissie vertrek en op 23 Desember het hulle by die hoofstat van die Swasies aangekom. Hier het die Landdros (die voorsitter van die Kommissie) vernem dat Sasobasa, een van die onder-kapteins van Oemswas, wat met een van laasgenoemde se bloedverwante getroud was, van plan was om sy eie seun i.p.v. Oembandien, die wettige opvolger, op die troon van die Swasies te plaas. 'n Kommando is in die nag deur ondersteuners van Oembandien na Sasobasa 2 gestuur en hy met enige honderde meide en kinders is vermoor.

Die Landdros het tot die oortuiging gekom dat die verdeeldheid onder die Swasies tot ernstige bloedvergieting in Swasieland sou lei. Hy was van mening dat 'n groot deel van die Swasies dankbaar sou wees, om onder die beskerming van die Suid-Afrikaanse Republiek opgeneem te word. Hy het egter aan die Swasies laat verstaan, dat hy net kom kyk het hoe toestande was, en dat hy aan die Regering sou rapporteer. Hulle het hom toe belowe om die volgelinge van Sasobasa met 3 rus te laat.

Die Suid-Afrikaanse Republiek het gevrees dat Britse verteenwoordigers ook met die Swasies sou onderhandel. Hulle was bang dat die goeie verhouding wat daar tussen hulle en die Swasies bestaan het, verbreek sou word. En as Britse invloed eers in Swasieland gevestig was, sou hulle plan om

1. V.R.N. Februarie 1872, Art. 572.
2. R. 25/75.
3. R. 1850/74.

- 90 -

om deur Swasieland in verbinding met die see te kom verydel word. Die Landdros kon egter niks definitief uitvind nie, maar het tot die oortuiging gekom "dat de naam van Shepstone ook daar een aangenaam klank geeft". Hy was seker dat hulle met Natal in verbinding getree het, maar die Swasies het gehoorsaamheid en onderdanigheid aan die Suid-Afrikaanse Republiek betoon. As die Suid-Afrikaanse Republiek die Swasies teen aanvalle van die Soeloes beskerm "is de Swasies de onze ¹ zonder slag of stoot."

Van die goeie verhouding wat daar tussen die Boere en Swasies bestaan het is gebruik gemaak en op 1 Julie 1875 'n ² ooreenkoms gesluit.

Volgens die ooreenkoms sou Swasieland in die toekoms binne die grense van die Suid-Afrikaanse Republiek val. Die Suid-Afrikaanse Republiek wou nie hierdeur juis meer grond verkry nie; gevolglik is bepaal: "Het vrij en onbelommerd bezitreg en eigendom van de door hen bewoonde gronden" word gewaarborg. Wat van meer belang as uitbreiding van grondgebied was, is die feit dat die Suid-Afrikaanse Republiek na die ooreenkoms beter in staat sou wees om Britse invloed uit die gebied te weer en hy nader aan die see gekom het. Die Swasies moes onderneem handels- en anderen wegen te beveiligen te verbeteren en vrij en ongehinderd te laten tot algemeen nut, als ook het maken van spoorwegen.

Die Swasies sou onderdane van die Suid-Afrikaanse Republiek wees, maar die Republiek wou nie belas wees met die regering van die Inboorlinge nie. Gevolglik sou die Swasies hulle self regeer, volgens hulle eie wet-te en gebruike "in zooverre dezelve menschelijk, billijk en houdbaar zijn."

-
1. R. 1850/74.
 2. S.N. 78 - Ooreenkoms van 1 Julie 1875; St. Court. Z.A.R. No. 592, 25 Augustus 1875, K.G. No. 200

Die Suid-Afrikaanse Republiek het egterdie reg voorbehou om wanneer dit nodig mag blyk 'n amptenaar aan te stel "als opzigt in hun midden." Om na die ooreenkoms grondkwessies te voorkom, is deur die Uitvoerende Raad op 10 Augustus 1875 besluit om onmiddelik op die grens van die "gewaARBORGDE grond" (Swasieland) plase van 1500 tot 2000 morges te laat uitgee.¹ Die Regering was nie van plan om die Swasies binne die bepaalde grens te hou nie. Die Landdros van Lydenburg (Cooper) het in 1875 kennis gegee, dat die Swasies hulle op die plase van die Boere kon vestig² wanneer die eienaar hulle daartoe verlof gee. Die Suid-Afrikaanse Republiek wou 'n duidelike skeidingslyn tussen die Blankes en die Swasies hê, maar aan die ander kant aan die Swasies verlof verleen om in diens by die Boere te tree.

Die vriendskaplike verhouding tussen die boere en die Swasies het bly voortbestaan. Met die uitbreek van die Sekoekoenieoorlog het die Swasies hulle getrouheid aan die Suid-Afrikaanse Republiek nog betoon deur aan die Blankes ondersteuning te stuur. Maar kort na die anneksasie van die Transvaal 1877 het die verhouding tussen die Blankes en die Swasies gespanne begin word.³ In September 1877 is Robert Bell, terwyl hy besig was om 'n Swasie, Mabegaan, te laat arresteer, aangeval en vermoor,⁴ en kort hierna het daarvir die eerste keer kwessies oor grondbesit voor die dag gekom.

SOELOELAND:

Die beleid van die Boere teenoor die Soeloos is bepaal deur dieselfde faktore wat hulle verhouding teenoor die Swasies beïnvloed het. Ook die Soeloos is as 'n onafhanklike stam beskou. En ook die Inboorlinge het op gebied aanspraak gemaak wat die Boere graag wou hê omdat dit aan die see gegrens het.

-
1. U.R.B. 10 Augustus 1875, Art.146; St. Court. Z.A.R. No. 622, 1 Maart 1876, K.G.No. 59.
 2. L. III. 8.
 3. R. 2764/77.
 4. Tvl. Gvt. Gazette No. 26, 6 Oktober 1877, K.G.No. 118.

Die Trekkers kon van die begin aanspraak maak op 'n goeie verhouding teenoor die Soeloos, omdat Panda op 14 Februarie 1840 deur Pretorius as Opperhoof van die Soeloos verklaar is.

Panda het ook teenoor die Boere noord van die Vaalrivier 'n vriendskaplike verhouding aangeneem. In Januarie 1845 stuur hy na Hoof-Kommandant Potgieter gesante om te verneem waar hy was en hom te vra, wat hy in 'n streek maak "waar hy nie 'n bestaan kan maak nie." Hy laat ook aan Potgieter weet, dat hulle saam moes staan en die Swasies se grond afneem. Hierop het Potgieter hom laat weet, dat die Emigrante in vrede met die Swasies lewe, en dat hy en die Swasiekaptein Rapoesa, met die volgende nuwe maan by hom moes verskyn, dan sou hy hulle moeilikhede ondersoek en sien wie reg was.¹ Panda het die voorstel nie aangeneem nie. Gevolglik het daar nie verdere ontwikkelinge in die opsig plaas gevind nie. Potgieter wou nie inmeng in die geskille tussen Inboorlinge wat nie op Trekkergebied gevestig was nie. Hy sou hom "natuurlikker wijze" nie daarmee bemoei nie, maar dan moes hulle buite die "Boeregebied"² bly.

As gevolg van die vriendskaplike verhouding wat daar tussen die Boere en die Soeloos bestaan het, het baie Blankes Soeloeland besoek. Miskien was dit as gevolg hiervan, dat Panda in 1847 die Volksraad versoek het om verteenwoordigers na hom te stuur.³ Dit is nie bekend of die Volksraad aan die versoek voldoen het nie. In dieselfde jaar egter het Boere privaat van Panda die reg verkry om hulle langs die Buffelsrivier⁴ te vestig. 'n Definitiewe grens het toe nog nie tussen

-
1. V.R.N. 20 Januarie 1845, Art. 1.
 2. R. 121c/47.
 3. V.R. 36/47 - Brief van Landdros N. Lombart 24 Desember 1847
 4. C. 2220, bls. 370.

die Soeloes en die Boere bestaan nie. Op 19 September 1849 is die eerste besluit geneem om die Socloegrens tot seker mate te bepaal toe die Volksraad besluit het, dat die volgelinge van Panda nie oor die "Commatie" mag kom nie.

Op 20 Augustus 1852 is deur Panda aan Kommandant-Generaal A. W. J. Pretorius die volgende grondgebied afgestaan: van die Drakensberg tot aan die Bloedrivier, waar die oorwinning oor die Soeloes plaasgevind het; vandaar na die Wit-Oemwolosierivier en dan langs die Wit-Oemwolosie af na die see; van daar na die "mond van die Latoas tot aan die mond van Togela."³ Dit is nie duidelik of met die ooreenkoms bedoel was dat die grondgebied van die oorsprong van die Wit-Oemwolosie tot die mond van die Latoas (die Oemslatosie) of tot die mond van die Wit-Oemwolosierivier sou strek. Wat egter duidelik genoeg uit die ooreenkoms blyk, is die begeerte van die Trekkers om in verbinding met die see te bly.

Hierdie grond het Pretorius nie verkry omdat hy dit op die tyd stip nodig gehad het vir bewoning nie, maar soos hy in sy proklamasie van 27 Desember 1852 verklaar het:

om ongenoegen van de naburige stammen te vermijden en ook het ongenoegen, die zelfs kan ontstaan door Britsche Gouvernement.

Mense wat hulle in die streke gaan vestig het, sou nie op wettig erkende plase woon nie, voordat die gebied daarvoor oopgesit was.⁴

Pretorius was nie verkeerd toe hy gevrees het dat die

1. Dit is nie duidelik watter rivier hier bedoel word nie. Die algemeen erkende grens van die Pongolarivier.
2. V.R.N. 19 September 1849, art. 41.
3. R. 1253; E.V.R. 260.
4. E.V.R. 260, K.G. 27 Desember 1852.

Britse Regering hom miskien met die onderhandelinge met die Soeloes sou inmeng nie, In 1852 het die Luit-Goewerneur van Natal al met die Goewerneur van die Kaapkolonie oor die saak gekorrespondeer en op 3 Junie 1853 het hy aan die Britse Regering geskryf dat die Boere nie die reg gehad het om besit te neem van die besitting van 'n onafhanklike Naturelle Soewerein nie. Die grondgebied wat die Boere "so onwettig op inbreuk gemaak het," was die naby die Buffelsrivier. Die Luit.-Goewerneur "het gevrees" dat daar oorlog sou uitbreek tussen die Boere en die Soeloes en as die Boere die oorwinning behaal "wat waarskynlik sou gebeur," sou groot hoeveelhede Soeloes Natal instroom, en dit sou Natal aan groot gevare blootstel.¹ Die Britse Regering het op die tydstip nog nie belang gestel in die gebied nie; gevolglik het hulle nie in die sake in gemeng nie.

Op 14 Maart 1853 het die Volksraad 'n Kommissie, bestaande uit A.W. J. Pretorius, W. Joubert, C. J. Enslin en J. Grobler aangestel om die grens van die grond deur Panda afgestaan te bepaal,

met dien verstande dat er geen nadeel uit geboren kan worden de publieke stand en welvaard betreffende. 2.

As gevolg van die afsterwe van Pretorius is op 19 September 1853 'n Nuwe Kommissie benoem: Kommandant-Generaal M. W. Pretorius, W. F. Joubert, P. J. Coetzer, J. H. Grobler, C. J. Meyer en J. D. Middel as Sekretaris. Die Kommissie moes op 15 Januarie 1854 aan die Vaalrivier by Daniel Luus vergader, om daar met die Britse Kommissaris te verenig en dan die grenslyn tussen die Britse grondgebied en die van die Suid-

1. C. Settlement of Natal, 19 Augustus 1853, bls. 105, 106, 156.
2. V.R.N. 19 September 1853, Art. 82, E.V.R. Iv.

Afrikaanse Republiek te bepaal - van Vaalrivier tot op¹ Drakensberg en van Drakensberg tot aan die see. Ook die Kommissie kon as gevolg van die moeilikhede met Setsjellie, Makapaan en Mapela nie die opdrag uitvoer nie. As gevolg van die Proklamasie van Pretorius van Desember 1852, waardeur hy die bewoning van grond wat op die Soeloegrens afgestaan is, verbied het, het daar 'n soort van onafhanklike neersetting, die van Utrecht, ontwikkel². Hierdie "buffelsrivierse Emigrante" het op 8 September 1854 'n ooreenkoms met Panda gesluit waardeur aan hulle vir 100 beeste afgestaan is die grondgebied wat min of meer tussen die distrik Lydenburg en die Buffel- en Bloedrivier lê³.

Op 5 November 1854 is voor 'n Kommissie-Raad te Lydenburg 'n memorie gelê, waarin die Volksraad versoek is om 'n ooreenkoms met Panda goed te keur⁴. Die saak is verwys na die volle Volksraad⁵. Eers op 5 November 1855 het die Volksraad besluit om voorlopig J. C. Steyn as Landdros, 'n Kommandant en drie Veldkornette vir die gebied aan te stel; m.a.w. hulle goedkeuring voorlopig aan die bewoning van die gebied geheg.

In die begin van 1857 het Panda by die Suid-Afrikaanse Republiek om ondersteuning aangeklop teen onderdane van hom wat opstandig begin word het. Panda het verklaar dat hy deur die Boere Koning gemaak was en daarom het hy gereken dat hulle hom ook uit die moeilikheid moes help⁶. Utrecht het intussen 'n afsonderlike Republiek gevorm en op 16 Desember 1856 het die Republiek van Lydenburg tot stand gekom⁷. Dit was dus

-
1. V.R.N. 21 November 1853, Art. 117, V.R.N. IV.
 2. P.L.A. Goldman: Berendeneerde Inventarissen van de Oudste Archief-Groepen der Z.A.Republiek (1927) bls. 32.
 3. V.R.N. 260; Soutter Versameling Pak No. I, 17; L.III, 10, Oude Emigrant, 3 April 1860.
 4. Kommissie Raad besluit, 5 November 1854 art. 16.
 5. Dieselfde, Art. 17.
 6. V.R.N. 260 - 11 Jan. 1857 - Notule van Onderhoud; S.N. 6/1878, No. 2.
 7. Locale Wetten Z.A.R. 1849-1885, bls. 32.

'n moeilike kwessie vir die Suid-Afrikaanse Republiek om hier in te gryp in moeilikhede van Kaffers wat nie aangegrens het nie. Moeilikhede het in Soeloeland verder nie ernstige wendinge geneem nie, sodat die gevraagde hulp nie nodig was nie. Van belang egter is dat Panda nog die Trekkers noord van die Vaalrivier erken het as die persone aan wie hy sy Koningskap te danke gehad het.

In Februarie 1858 is deur A.T. Spies, die Landdros van Utrecht, berig dat Panda grond aan die seekus van die Toegela tot die Slatius (waarskynlik die Oemslatosierivier) aan hom afgestaan het. Hy vra dat 'n kommissie afgevaardig moes word om die grenslyn te bepaal. Op 27 Februarie 1858 het die Uitvoerende Raad van Lydenburg ¹ besluit om 'n kommissie af te vaardig om ondersoek in te stel of die grond werklik afgestaan is, en dan 'n ooreenkoms te laat teken, sodat daar later nie moeilikhede kon ontstaan nie. Hierdie grond was ² gedeeltelik in 1852 aan Pretorius afgestaan, maar omdat hy nie die gronde laat afbaken het nie, het daar nog onsekerheid in verband daarmee bestaan.

Volgens die opdrag van die Kommissie was dit duidelik dat die Republiek van Lydenburg gretig was om die grond van die Soeloes te koop. Hulle het egter gevrees, dat die Britse Regering aanspraak op die gebied sou maak en die Kommissie hierteen gewaarsku:

om rede dat ons voornemen niet is om van onze zijde ecnigen bemoeiging te hebben met grond of Inwoners van dien daar het Britse Gouvernement aanspraak op maaken kan. 3.

-
1. Van Maart 1856 het Utrecht pogings aangewend om te verenig met Lydenburg en op 8 Mei 1858 is 'n ooreenkoms gesluit waardeur die twee verenig is. Dit was met die oog op die vereniging dat Lydenburg U.R. in verband met die saak genader is.
 2. L. I. 3. U.R.B. 27 Februarie 1858, art. 2.; C.2200 bls. 371.
 3. L. III. 7 - Brief van die Volksraad van Lydenburg, 12 Maart 1858.

Gevolgtlik moes die Kommissie eers seker maak of Panda die grond mag afstaan en hom bewyse vra om sy aanspraak te staaf. Die tydperk toegelaat om die koopsom te betaal, moes vir so 'n lange periode moontlik vasgestel word, om die Regering'n kans te gee om die ooreenkoms bekend te maak, sodat persone wat miskien daarop aanspraak wou maak, kans gehad het om met hulle aanspraak tevoorskyn te kom voordat die bedrag betaal word.¹

Oók die Suid-Afrikaanse Republiek het weer ernstig begin dink aan uitbreiding na die see. Die Republiek het ook in Maart 'n Kommissie na Soeloeland gestuur. Die Kommissie moes Panda waarsku:

dat er nog door hem of door eenige zijner Kapteins voortaan afstand van grond, aan enig persoon hoe ook genaamd, gedaan zal worden. 2.

Die ou vriendskap en goeie verstandhouding wat daar tussen die Boere en Panda bestaan het moes opnuut aangeknoop word. Geskenke is ook aan die Kaptein en sy opvolger gestuur, as teken van die band van vriendskap tussen die Boere en die Soeloes,

welke vriendschap, de President beschouwt als onwrikbaar te zijn gebleven met de Zoolah natie, sedert Panda's kroning als koning der Zoolahs. 3.

Die Kommissie van Lydenburg kon nie dadelik vertrek nie en teen 10 Maart 1858 het die Uitvoerende Raad verneem, dat daar moeilikhede bestaan tussen Panda en die Britse Administrasie in Natal. Dit is onder die aandag van die Volksraad gebring, dat Panda die Kommissie om hulp sou vra maar

dat wy van zelve al konden wij dat ook doen, toch zekerlijk 4 nooit een Kaffer zullen helpen in een oorlog tegen Christenen.

As die oorlog uitbreek sou die Britse Regering meen dat die

1. L. I. 4. - Instruksie aan die Kommissie.
2. R. 1946/58 - Instruksie van 9 Maart 1858.
3. Dieselfde.
4. U.R.B. 10 Maart 1858, Art. 4.

Kommissie die Soeloes ogestook het en die Uitvoerende Raad
het gevrees, dat dit nadelig vir die Republiek sou wees.¹
Gevolgtlik het die Kommissie nie dadelik vertrek nie.

Die afgevaardigdes van die Suid-Afrikaanse Republiek het
met hulle werksaamhede aangegaan en op 30 Maart 1858 daarin²
geslaag om 'n ooreenkoms met Panda tesluit waarin hy verklaar:

dat hij med zijn geheele rijk is Een onderdaanig van de Gou-
vernement van de zuijd Africaansche Republiek te zijn in dat
het land van waar de dongeela uijd draakensberg kom tot waar
hij in de see loop in langs de seekus med alle de haavens die
alreeds uijdgevonden is en noguijdgevonden sal worden tot aan
Comwoena door de berg loebombo loop tot aan de zee het eigen-
dom van de Goevernemen van de Suijd Africaansche Republiek
te zijn in dat hij Umpanda van voormelde grond aan geen
mensen weerd afgestaan heef in dat hij van nu voortaan
van die gronden aan geen mensch ter weerd zal afstaan sonder
permissee van de Gouvernemen van de Suid Afrikaansche Repu-
blik.

Uit die onderhandelinge het die Suid-Afrikaanse Republiek
nie alleen sy wens om in verbinding met die see te kom open-
baar nie, maar die Boere het algemeen begin vrees, dat die
Britse Regering hulle van die see sou afsluit.

Tussen 6 en 8 Mei het die Kommissie van Lydenburg met
vertegenwoordigers van Utrecht onderhandel om die twee Republie-
ke te verenig. Hier is weer aangedring op die noodsaaklik-
heid om die grense tussen die Boere, die Soeloes en die Britse
Regering te bepaal. Die koopkontrak van 1854 is weer erken
en die Pongolarivier as dieskeiding tussen die Republiek
Utrecht en Panda aangeneem. 'n Kommissie is benoem om die³
gekoopte grond af te baken.

Hierdie Kommissie was nie baie suksesvol nie. Die
ooreenkoms tussen die afgevaardigdes van die Suid-Afrikaanse
Republiek en Panda het vir hulle sake vermoeilik. Die Uit-
voerende Raad van Lydenburg het tot die besluit gekom, dat

-
1. U.R.B. 10 Maart 1858, art. 4.
 2. E.V.R. 206; R. 1253/63 en St. Court. Z.A.R. No. 29,
7 Mei 1858.
 3. Soutter Versameling No. 1/17.

die verslag van hulle Kommissie baie onduidelik was, maar dit bewijs echter genoegsaam dat Panda zicht en zijn land geheel onafhankelijk blijft beschouwen, en noch aan ons, of het Britsch Gouvernement, niet het minste onderworpen is. 1.

Panda het altyd vir A.W. J. Pretorius en na sy dood sy seun as sy "vriend en beskermer" beskou; daarom dat hy meer geneë was om met afgevaardigdes van die Suid-Afrikaanse Republiek te onderhandel. In Januarie 1859 het oorlog tussen die Swasies en die /Soeloes gedryg. Daar is vertel dat die Swasies 'n Soeloe-kaptein wat naby die Swasies gewoon het, aengeval het en dat dit aanleiding tot die onluste gegee het. Om die toestande op die Soeloegrens te ondersoek en "om een pad en grond te vragen overkant Buffelsrivier en een pad tot na Omslatoes aan de zee, "is in Julie 1859 deur die Uitvoerende Raad van die Suid-Afrikaanse Republiek en Lydenburg 'n kommissie afgevaardig.

Op 26 Julie was die Kommissie by die stat van Panda, maar hy het hulle laat verstaan dat hy nie met hulle kon praat nie omfsy hy siek was. Twee dae later het die Kommissie van die Onder-Kaptein van Panda ontmoet. Panda self het nie verskyn nie, maar aan die Kommissie laat weet, dat daar nie geskille tussen hom en die Boere moes bestaan nie, omdat Pretorius sy beskermer was en die Boere hom "altyd goed opgepas het." Toe die Kommissie egter kennis gee, dat hulle die grond wat nog nie deur die Soeloes bewoon was nie, wou koop het die Kapteins opgestaan en verklaar, dat hulle daarvan niks wou hoor nie. Hulle het die grond aan "die ander kant" afgestaan, maar nie aan die Soeloekant nie. Die Kommissie het gesien dat hulle

-
1. L. U.R.B. 11 Augustus 1858, art. 4; L.V.14 - Notule van Kommissie na Panda, 10 Mei 1858.
 2. St. Court. Z.A.R. No. 60, 21 Januarie 1859.
 3. Hier is bedoel noord van die Pongolarivier.
 4. L. II. 6. - Verslag van Kommissie van 1859.

verder niks sou uitvoer nie en is toe terug.

Uit die onderhandelinge blyk dit dat daar reeds voorheen aan Panda versoek is "om een pad, dat ik een zeehaven kan krijgen." Ook met die onderhoud is verklaar, dat Panda reeds voor heen verklaar het: "die zeehavens zijn onbruikbaar."¹

Die houding wat die Soeloes met die onderhoud aangeneem het, het die Boere laat besef, dat hulle hulle aanspraak op die gebied wat hulle reeds ontvang het moes laat geld. Gevolglik is in 1859 'n Proklamasie uitgevaardig waardeur die Soeloegrens min of meer bepaal was volgens die ooreenkoms van 1854.² En op 19 Januarie 1860 is algemeen bekend gemaak dat op 3 April 1860 grondregte verkoop sou word om die gebied tussen die Pongola, die Veal- en Olifantsrivier te bewoon.³

Met die vereniging wat in 1860 plaasgevind het, was die Suid-Afrikaanse Republiek beter in staat om sy verhouding teenoor die Inboorlinge te bepaal. Dit het veral gegeld die verhouding teenoor die Inboorlinge ten ooste van die Republiek. Die Boere het dit dringend noodsaaklik geag om hulle sake hier so gou moontlik reg te kry. In Junie 1860 het die Uitvoerende Raad vir A. T. Spies, T. C. Klopper en P. W. Joraan, wat goed op hoogte van toestande op die Soeloegrens was, voor die Raad geroep om getuienis af te lê, omtrend de tegenwoordige toestand van zaken in Zululand en de Kafferking Panda.⁴

Hierdie persone het verklaar, dat die grenslyn volgens die Koopkontrak van 8 September 1854 bepaal was, dat een van Panda se onderkapteins daardeur buite Soeloeland geval het,

-
1. L. II, 6 - Verslag van Kommissie van 1859.
 2. C. 2220, bls. 372.
 3. L. III. 10.
 4. U.R.B. Junie 1860, Art. 26.

maar dat die saek met die onderkaptein geskik is deur aan hom toe te laat, om sy vee gedurende die dag saam met die van die Blankes te laat wei.

Die antwoorde van die persone wat ondervra is, verklaar die belangstelling van die Suid-Afrikaanse Republiek in die Soeloegebied. So verklaar J. van Stade o. a.¹

dat de Sint Luciebaai ongezonder en geheel onbruikbaar is voor handel, dat de grond rondom modderig en vleiagtig is, onbewoonbaar en ongesond. Dat langs de heele Zeekust tot aan Tugela geen enkele haven is, en dat de monden van die rivieren voor havens onbruikbaar zijn. Dat het Kustland aldaar na het algemeen gevoelen bijzonder goed voor bebouwing van koffij, Suiker enz.

Dit was weer veral die seekus wat belangstelling geniet het. Met dieselfde sitting het die Uitvoerende Raad besluit om 'n Kommissie na Soeloeland af te vaardig.² Hierdie Kommissie moes handel

in naam van het Gouvernement der Z.A.Republiek, en zullen zij nimmer de naam van een enkel persoon als Hoofd en Gezagvoerder mogen gebruiken. 3.

Panda het nog altyd vir Pretorius genoem as die persoon aan wie hy sy koningskap te danke gehad het. Na die dood van A. W. J. Pretorius het Panda vir M.W. Pretorius as sy opvolger beskou en altyd meer waarde geheg aan onderhandelinge met hom, as met Kommissies van die Regering: gevolglik wou die Raad die persoonlike element in die verhouding tussen die Republiek en die Soeloes vermy en die goeie verhouding met die Soeloes vir die toekoms bestandig.

Van Staden het die Uitvoerende Raad gewaarsku, dat die opvolging van Panda van groot belang was. Gevolglik moes met Ketswajo onderhandel word. Aan hom moes die versekering gegee word, dat, as dit die wens van Panda was, hij as Kaptein na Panda se dood sou erken word.

-
1. U.R.B. Junie 1860, Art. 11.
 2. U.R.B. Junie 1860, Art. 26.
 3. U.R.B. Junie 1860, Art. 42.
 4. Dieselfde.

En zal zijne aanstellingaltijd op naam van het volk en Gouvernement der Z.A. Republiek gedaan moeten worden, op dezelfde wijze zooals vroeger met de aanstelling van zijn vader Panda gedaan is. 1.

Die Suid-Afrikaanse Republiek wou verseker wees van die vriendskap van die opvolger van Panda. Die Kommissie moes egter met het inwendige zaken of het bestuur van het Zulah land niet verder bemoeijen. 2.

As Panda nog grond aan die Suid-Afrikaanse Republiek wou afstaan, moes die Kommissie dit ruil. En om verdere kwessies oor die grens te voorkom, moes die grens volgens die ooreenkoms van 1854 duidelik bepaal worden bakens opgerig word.

Die Suid-Afrikaanse Republiek het gevrees, dat Britse³ verteenwoordigers in Suid-Afrika ook hier sou inmeng; gevolglik is aan die Kommissie opgedra om die onderhandelinge geheim te hou.

In Soeloeland was moeilikheede aan die broei. Die inwoners van die distrik Utrecht was verplig om in laers te staan. Drie persone is afgevaardig om die Kaptein te gaan sien. Hulle moes egter uitvind, dat Panda in dieselfde nood as die Blankes verkeer het. Hy het die Kommissie versoek om ondersteuning om Ketswajo ten onder te bring, en belowe dat sodra die vrede herstel was hulle "desponeren kunnen over land en haven, zoo verre wij (die Blankes) goed denken." Verder het Panda aan die Kommissie afgestaan "de landen aan⁴ de zee kust ... waar wij zoo lang om gevraagd hebben."

Vooraanstaande persone het besef dat dadelik gehandel moes word as nog grond van Panda vir die republiek verkry moes word, omdat gerugte versprei was, dat die Britse

-
1. U.R.B. Junie 1860, Art. 42.
 2. Dieselfde.
 3. St. Court.Z.A.R. No. 60, 21 Jan. 1859: "Wij vreezen dat de hebbelijkheden en de invloed van Engelsche handelaars in het Zululand alsnog, in sommige gevallen, nadeelig zijn voor den naam en faam van Christen Engeland, en tevens voor onze betrekkingen met het Zulu volk."
 4. R. 3897/60.

- 103 -

Regering besig was om grond te ruil.¹ In 1860 was daar egter
nie meer grond afgestaan nie.²

In Februarie 1861 het twee van Panda se seuns gevlug omdat hulle gevrees het, dat hulle lewe in gevaer was, daar Ketswajo van die lede van die regerende familie om die lewe gebring het. Hulle is onder die beskerming van die Landdros van Utrecht geneem.

In Maart het hoodskappers van Ketswajo by Utrecht aangekom en aan die Landdros meegedeel, dat Panda "die vriendskap van die Engelse gesoek het," maar dat Ketswajo nog 'n vriend van die Boere wou bly en gewillig was om met hulle te onderhandel as hulle grond wou hê. Hy het egter gevra, dat die twee seuns uitgelewer sou word.³ Hierop het die Uitvoerende Raad besluit om 'n seker Cornelis van Rooyen wat met die Soeloes goed bekend was aan Ketswajo te stuur om voorlopig sake daar te ondersoek en daarna sou 'n Kommissie gestuur word om met die Kaptein te onderhandel.⁴ Die Kaptein het aan van Rooyen die versekering gegee, dat hy nie die twee vlugteling sou dood maak as hulle aan hom uitgelewer word nie, en aan hom belowe om 'n stuk grond aan die Republiek af te staan.

Na die gunstige verslag van van Rooyen het die Kommissie vertrek en op 20 Maart 1861 vir Ketswajo ontmoet. Aan die Kommissie is die versekering gegee, dat dit die wens van hele Soeloeland was, dat Ketswajo op die troon sou kom; dat Ketswajo na sy ou vader sou kyk en hom as ou Kaptein sou eer; dat geen impies uitgestuur sou word en bloed onnodig vergiet sou word nie, en dat geen gewapende mag oor die grense gestuur

1. R. 4186/60 - Pretorius aan Schoeman 14 Desember 1860;
R. 4315/61 - Landdros Smuts aan Schoeman 18 Maart 1861
2. C. 2220, bls. 373.
3. S.N.VI/1878, No. 27; R. 4315/61; C. 2242 bls. 76.
C. 2220 bls. 373.
4. E.V.R. 260, 16 Maart 1861.

sou word sonder die toestemming van die Suid-Afrikaanse Republiek nie.

Verder het die Soeloos verklaar, dat geen grond aan die Britse Regering afgestaan was nie en dat die volgende stuk grond aan die Suid-Afrikaanse afgestaan sou word:

van de eerste bestaande drift in Buffelsrivier bovenkant de Doornspruit van Sechajo in eer regte lijn naar de berg Songien over de Spitskopje aan de oostzijde van Urvoloos door de nek tot aan Pongola, alle gronden ingesloten tot aan de Utrechtsche lijn. 1.

Die ooreenkoms met Ketswajo was nog nie goedgekeur met Panda nie en die gevaar het bestaan, dat Panda dit later nie as wettig sou erken nie en as Ketswajo miskien iets oorkom, sou sy opvolger dit miskien nie erken nie. Daarom moes die goedkeuring van Panda daarvoor verkry word. Omdat hy 'n besonder hoë respek gekoester het vir President Pretorius, (toe President van die O.V.S.), is Pretorius gevra om die Kommissie van die Suid-Afrikaanse Republiek na Panda te vergesel. Op 19 Junie 1861 is die ooreenkoms wat met Ketswajo gesluit is, voor Panda gelê. Hy het dadelik verklaar, dat Ketswajo nie grond besit het nie. Hy het belowe om die ooreenkoms te onderteken, maar wou nie aan President Pretorius se versoek voldoen om "een gedeelte land, een pad naar de zee en de baaijen van Slatoe en Lalas" af te staan nie.²

In Augustus 1861 was daar weer 'n Kommissie van die Suid-Afrikaanse Republiek by Panda. Hy het nou weer 'n ooreenkoms onderteken, waardeur hy dieselfde stuk grond wat deur Ketswajo afgestaan was, aan die Suid-Afrikaanse Republiek afgestaan het.³ Met die onderhoud is ook besluit dat die bakens opgerig sou word, wanneer President Pretorius self teenwoordig kon wees.

1. R. 955/72; C. 2242, bls. 64, 76.
2. E.V.R. 260.
3. S.N. Vi, 1878, No. 7; R. 955/72, C. 2220 bls. 374; C. 2242 bls. 64.

In September 1861 het daar afgevaardigdes uit Soeloeland in Natal aangekom, wat volgens die Luitenant-Goewerneur gekla het oor inbreuk wat op die regte van die Soeloes deur die Boere gemaak was.¹ Toe die President hiervan verneem, het hy onder die aandag van die Luitenant-Goewerneur op die ooreenkoms van 20 Maart 1861 gebring, en hom daarop gewys dat Ketswajo oneerlik gehandel het, as hy die afgevaardigdes gestuur het.²

Soos op die wesgrens van die Republiek, was "klagtes" by Britse verteenwoordigers in Suid-Afrika ingedien deur Naturelle van dat hierdie verteenwoordigers belangstelling in grondgebied vertoon het. Ook in hierdie geval is die "klagtes" beskou, "as a protest or appeal to our Government seeking redress for wrongs."³

In Februarie 1864 het die Suid-Afrikaanse Republiek besluit om weer 'n Kommissie af te vaardig. Hierdie Kommissie het op 5 Maart by die stat van Panda vergader. Die Kaptien was net soos voorheen nog gretig om op vriendskaplike voet met die Boere te lewe.⁴ Van hierdie goeie gesindheid wou die Volksraad gebruik maak. In September besluit die Raad om President Pretorius, Kruger en J. Fourie af te vaardig om die grenslyn volgens die ooreenkoms van 1861 af te baken. Toe die geselskap by Lafraskoppie kom, is aan Panda kennis gegee om sy verteenwoordigers te stuur wat aan die afbakening sou deelneem. Tweeïndoenas is gestuur om Panda te verteenwoordig en by elke baken moes hulle die eerst klip lê.

Na die werksaam hede afgehandel was, het die Soeloe-afgevaardigdes die Soeloes wat aan die Suid-Afrikaanse Republiek se kant van die lyn gevestig was, aangesê om oor die lyn

-
1. C. 1961, bls. 8, 7.
 2. Dieselfde, bls. 22
 3. C. 2252, bls. 61.
 4. E.V.R. 260 - Kommissie-Rapport van 10 Maart 1864.

te trek. President Pretorius het egter aan hulle verlof verleen om hulle woonplekke te bly behou tot hulle oes ingesamel is. Om moeilikhede wat uit so 'n verplasing kon ontstaan, te voorkom, is die grenslyn so bepaal, dat die belangrikste krale¹ op die grens in die Soeloengebied gaval het.

Ongeveer 40 man het die drie genoemde verteenwoordigers van die Suid-Afrikaanse Republiek vergesel. So veel moontlik is aan die wense van die verteenwoordigers van Panda voldoen; daarom moes hulle die eerste klip vir die bakens plaas. Later is die ongegronde bewering gemaak, dat die lyn op die Soeloes afgeforseer is en die 40 man vergroot tot 'n hele kommando.

Teen die einde van 1864 is weer 'n kommissie na Panda gestuur om 'n nuwe ooreenkoms te sluit 'n nuwe grenslyn tussen die Boere en Panda te bepaal, dit duidelik te beskryf en verteenwoordigers van Panda daarby te raadpleeg.² Die Suid-Afrikaanse Republiek was bewus daarvan, dat Britse ondordane in Suid-Afrika met die Soeloes onderhandel het. Hulle wou so veel moontlik van die Soeloengebied in hande kry om daardeur nader aan die see te kom.

Panda wou egter in die begin nie van 'n nuwe ooreenkoms hoor nie. Hy het verklaar, dat hy reeds ooreenkomste aangegaan het en hom daarby sou hou.³ Toe die Kommissie hom vra of hy nog die baai waarvan in die ooreenkoms van 1858 melding gemaak word, sou afstaan, het hy geantwoord, dat hy nie nee of ja sê nie; hulle moes gaan kyk of daar 'n baai was. Hierdie houding het die kaptein waarskynlik aangeneem omdat die Luit.-Goewerneur van Natal op 11 September aan hom laat weet het, dat St. Luciabaai volgens die ooreenkoms wat in 1843 met Sir Henry Cloete gesluit was, aan die Britse Regering behoort het. 4

-
1. C. 2222 bls. 56, 83, 307, 374, 370; C. 2242 bls. 65,66, 67 77.
 2. U.R.B. 16 November 1864, Arts. 4, 5.
 3. E.V.R. 260 - Verslag van 12 Desember 1864.
 4. C. 1961, bls. 8.

Hy het nog die ooreenkoms erken.¹

Eindelik het die Kommissie op 16 Desember daarin geslaag om 'n ooreenkoms met Panda te sluit waardeur 'n groot deel van Soeloeland wat aan die see gegrens het aan die Boere afgestaan² is.

Dit was vir die Boere duidelik dat die houding van die Soeloes nie meer so vriendskaplik soos voorheen was nie. Die verandering in die houding van die Soeloes was 'n gevolg van die inmenging van Britse onderdane wat nie wou sien dat die invloed van die Boere onder die Soeloes uitbrei nie.³ Aan die ander kant toon die baie Kommissies wat deur die Republiek na Soeloeland in die begin van die sestiger jare gestuur was, aan dat hulle ernstig daarna gestrewe het om hulle invloed by die Soeloes te bly behou en 'n goeie verhouding met hulle te bewaar.

Skaars 'n maand na die ooreenkoms gesluit was, moes die Landdros van Utrecht, N. Smuts, weer kennis gee, dat Soeloesimpies vergader, dat Ketswajo die grenslyn nie wou erken nie en dat hy weer by die Britse Administrasie in Natal gaan kla⁴ het, dat die Suid-Afrikaanse Republiek sy grond ontnem. In Februarie 1865 het daar 'n Soelemag op die grens verskyn en die bakens wat in 1864 opgerig was, weggeneem. Op 10 April verskyn daar afgevaardigdes van Panda by Utrecht met die berig, dat die hele Soeloeland in beroering was oor die grenslyn van Pretorius.⁵

Die inwoners van die distrik Utrecht was verplig om in laers te trek, en die Regering het besluit om 'n kommando

1. E.V.R. 260 - Verslag van 16 Desember 1864.
2. alle gronden van waar de Bloedrivier in de Buffelsrivier loopt; langs Buffelsrivier af tot waar dezelfde in Dongela loopt, met Dongela af tot waar dezelfde in de zee loopt, van Dongelas mond noord lange de zeekust tot naar de noordekant van de mond van de Umslatus
3. C. 1961, bls. 5 - Memorandum van 30 Maart 1861, C. 1961 bls. 7 - Verklaring van Shepstone.
4. R. 131/65; U.R.B. Desember 1864, art. 25.
5. R. 426/65; C. 2220, bls. 374.

¹
op te roep om die Soeloos te verplig om die grenslyn te erken.

Op versoek van Panda en om verder moeilikhede te voorkom, is 'n kommissie afgevaardig wat op 12 Junie 1865 by die stat van Panda aangekom het. Op die 16de het die Kommissie 'n onderhoud met Panda gehad. Hy en sy Onder-Kapteins het eindelijk verklaar, dat hulle nie ontken dat die lyn met hulle toestemming afgebaken was nie, maar hulle sou graag sien, dat die bakens verskuif word sodat die Soeloos weer 'n deel van die gebied wat hulle afgestaan het terug kry, Omdat die Kommissie nie opdrag daartoe ontvang het nie, kon hulle nie aan die versoek voldoen nie. Hulle het egter aan Panda belowe om die ³ versoek voor die Regering te lê.

Toe die Kommissie Panda vra waarom hy by die Britse Administrasie in Natal gaan kla het, het hy ontken, dat hy iets daarvan weet. Masipoel, een van die Onder-Kapteins, verklaar toe, dat hulle in Natal gaan kla het to Pretorius die lyn afgebaken het omdat hulle verneem het, dat 'n hele kommando die President vergesel het. Panda het verder voorgegee, dat hy nie van Soeloeimpies geweet het wat vergader het om die Transvaal in te val nie. Op 17 Junie het hy ook 'n verklaring onderteken waardeur hy die grenslyn wat deur Pretorius ⁴ afgebaken is, erken het.

Kommandant-Generaal Kruger het ook na die Soeloeigrens vertrek. Hy het die mense van die distrikte Wakkerstroom en ⁵ Utrecht in laers laat trek, maar toe hy verneem, dat die Soeloos vergader het om 'n Meid-Kaptein ten noorde van die Swasies aan ⁶ te val, het hy die kommando wat opgeroepe is, ontbind.

Omdat die Soeloos so gretig was om 'n deel van die

-
1. U.R.B. 9 Junie 1865, Art. 21; St. Court.Z.A.R. No. 102 28 Junie 1865, K.G. No. 231.
 2. U.R.B. Junie 1865, Art. 4.
 3. S.N. Vi, 1878; C. 2222 bls. 83.
 4. S.N. VI, S.R. 29/81; S.N. Vi, 1878, Verslag van 17 Junie 1865.
 5. U.R.B. 11 Julie 1865, Art. 1.; R. 776/65 en R. 836/65.
 6. Dr. S. P. Engelbrecht: Paul Kruger's Ampetlike Briewe bls. 105 en 107.

gebied wat hulle volgens die ooreenkoms van 1861 verloor het terug te ontvang, is in Julie 1866 'n Kommissie afgevaardig om 'n nuwe grenslyn te bepaal.¹ Ook aan die Kommissie is opgedra om die bakens op te rig in teenwoordigheid van die Onder-Kapteins van Panda. Aan die Kapteins moes verduidelik word, dat hy die grond weer terug sou ontvang op voorwaarde, dat hy sy volgelinge binne die nuwe grens sou hou.²

Die belangrikste geskille tussen die Soeloes en die Suid-Afrikaanse Republiek in die tyd was oor die gebied noord van die Pongolarivier. Die Swasies het hierdie gebied in 1855 aan die Boere afgestaan. Nou het die Soeloes verklaar, dat die gebied nie aan die Swasies behoort het nie.³

Teen die einde van Augustus 1866 het die Kommissie Panda se kraal bereik. Die grens is min of meer volgens die wens van die Soeloes bepaal, en dit is aangeneem, dat die Soeloes met die nuwe grenslyn tevrede was.

Om te voorkom, dat die Soeloes die grens oortrek en hulle daar gaan vestig, is daar in 1866 43 plase op die Soeloegrens uitgegee. Op 8 Junie 1869 het die Volksraad aan die Regering opgedra om die plase wat nog oop gele het, ook aan Blankes uit te gee. Toe Panda hiervan verneem, het hy 240 beeste na Utrecht gestuur om die grond terug te koop. Hierop is 'n Kommissie onder Kruger na Soeloeland gestuur. Panda het weer erken dat hy grond afgestaan het, maar die Soeloes was nou so teen die afstand; dat die Kommissie aanbeveel het, dat die gronde nie dadelik oopgesit moes word nie. Die verandering-ring in die gesindheid van die Soeloes ten opsigte van afstand van grondgebied aan die Boere was 'n gevolg van opstokery. As ons in aanmerking neem dat Dinisoeloe, die opvolger van Ketswajo, in 1884 1,355,000 morge aan die Boere wat hom onder-

1. Soutter Versameling Pak. IV, 8.
2. Dieselfde.
3. R. 3799/65, R. 685/65; L. i. 3.

- 110 -

steuning verleen het, afgestaan het "in volle en vrije eiendom"¹,
dan kan ons nie aanneem dat hulle die grond/ⁱⁿbewoning gehad het
nie.

Panda was ook ontevrede omdat sommige van sy onderdane
instruksie ontvang het, om belasting te betaal of hulle krale
te verlaat. Hierdie Soeloes het binne die grense van die
Suid-Afrikaanse Republike gewoon. Die Kommissie het toe aan
Panda belowe, dat die belastings nie weer van sy onderdane
sal ingevorder sou word nie. Daarop het hy geantwoord: "ek
is tevrede, en nou is daar nie meer 'n kwessie nie."²

Omdat die geskille op die Soeloegrens bly voortbestaan
³ het, het die Uitvoerende Raad op 23 Oktober 1869 besluit om
die aanbod van die Luit-Goewerneur van Natal;⁴ aan te neem
en die Soeloegrenskwessie aan sy beslissing voor te lê. Die
President was ten gunste hiervan, omdat hy gemeen het, dat
die aanspraak van die Suid-Afrikaanse Republiek onbetwisbaar
⁶ was.

Op 30 Oktober 1869 het die President vir Keate bedank vir
sy aanbod, en hom kennis gegee, dat hy dit sou aanneem op voor-
waarde, dat die party wat die saak verloor die koste van so
'n arbitrasie sou betaal. Die toestemming van die Volksraad
was egter nodig vir die saak. Die Kwessies wat in 1871 in ver-
band met die diamantvelde ontstaan het, het die Volksraad laat
⁷ afsien van die arbitrasie.

-
1. Na die dood van Ketswajo wou almal die Soeloes nie die opvolging van Dinisoeloe erken nie (c. 4191 No. 72, 73; C. 4037 bls. 54, 79.) Onluste het in Soeloeland geheers totdat grensbewoners verplig was om Soeloeland in te trek en orde te herstel. (N.R. 66- Memorandum van D. J. Esselen, K.G. No. 22 - Brief van die Superintendent van Naturelle, 15 April 1884). So het die sg. Nuwe Republiek tot stand gekom (N.R. 30; Joubert Versameling No. 357).
 2. C. 2220 bls. 376.
 3. R. 715/68.
 4. R. 1191/69.
 5. U.R.B. 29 Oktober 1869, Art. 41.
 6. V.R.N. 2 Mei 1870; St. Court. Z.A.R. No. 325, 10 Mei 1870
 7. C. 1961 bls. 24, 25; R. 1276/71; U.R. IV U.R.B. 18 Junie 1872, Art. 112.

- 111 -

Die inmenging van Britse onderdane in Suid-Afrika in die Soeloeaangeleenthede het egter as gevolg gehad, dat die beleid van die Suid-Afrikaanse Republiek om deur vriendskaplike onderhandelinge deur Soeloegebied in verbinding met die see te kom, gedreig het om op 'n mislukking uit te loop. Pretorius het wel deur sy proklamasie in 1869 Kosiabaai in die gebied van die Suid-Afrikaanse Republiek ingesluit, maar die besit van die gebied was nie hierdeur verseker nie.

Britse verteenwoordigers in Suid-Afrika was bewus van die strewe van die Boere. So verklaar Sir Philip Wodehouse in verband met die Proklamasie van Pretorius:

By the extension eastward he claimed access to the sea, and thus on paper at least, obtained possession of the great object of his desires, a seaport. 1.

Nieteenstaande Shepstone kennis gedra het van die ooreenkomste tussen die Boere en die Soeloes,² het hy verklaar dat hulle aanspraak maak op grondgebied, o.a. die Utrecht-distrik en 'n deel van Wakkerstroom, waarop hulle geen reg gehad het nie.³ Hy sou sy invloed gebruik om 'n end te maak aan die goeie verhouding tussen die Boere en die Soeloes. Hy het 'n goeie geleentheid in 1872 gekry. Panda het in die jaar gesterf. Ketswajo het die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek en van Natal gevra om hom te ondersteun. 'n Versoek is aan President Burgers gerig om met die kroning teenwoordig te wees, maar hy kon dit nie bywoon nie.⁴ Die Natalse Administrasie is deur Shepstone verteenwoordig.⁵

Op 27 September 1873 is aan die President van die Suid-Afrikaanse Republiek kennis gegee, dat 'n persoonlike besoek aan Ketswajo voordelig vir die Republiek sou wees, omdat

1. C. 4141, bls. 20.
2. C. 1961, bls. 22.
3. Dieselfde, bls. 30
4. R. 11168/73; C. 2242, bls. 75, 47.
5. Tvl. Gvt. Gazette No. 98, 23 Januarie 1879, K.G. No. 9; C. 2222, bls. 136.

- 112 -

'n groot deel van die Soeloos teen die kroning van die Kaptein¹ deur Shepstone was. In November sou die President by Utrecht² wees. Staatsake het egter die aandag ge-eis en in April 1874 gee Robert Bell aan die President kennis, dat 'n Soeloelcer die Pongolarivier oorgetrek het, en van plan was om Oembelinie³ op die Swasietroon te plaas. Grensbewoners van die distrik Wakkerstroom het gevrees, dat hulle lewe in gevaar was, en het die Regering gevra om 'n end te maak aan die "onrustbare be-⁴wegingen" van die Soeloos. Hulle het self ook begin organi-⁵seer om teenstand te bied ingeval daar moeilikhede ontstaan. President Burgers was siek. Daarom het die Staatsekretaris aan die Landdros van Utrecht laat weet om hom op hoogte van sake te hou met die bewegings van die Soeloos.

Die Landdros van Utrecht het intussen boodskappers na Ketswajo gestuur, wat in die begin van Mei 1874 terug was. Hierdie boodskappers is vriendelik deur die Soeloekaptein ontvang en aan hulle is verseker dat Ketswajo ook soos sy vader in vrede met die Boer wou lewe "opdat hij ook gelijk zijn vader oud en vet geworden zijnde in vriendschap met ons⁶ (Boere) en in vrede mogt sterven."

Terwyl die boodskappers by Ketswajo was, het hy berig ontvang dat Oembilinie 'n inval oor die Assegairivier ge-
maak het op Oemsiaan, wat op grond van die Suid-Afrikaanse Republiek gewoon het. Ketswajo was skynbaar verontwaardig oor die saak en het verklaar dat die handelwyse van Oembilinie nie op sy bevel plaasgevind het nie en dat hy hom sou straf.

Die Landdros was van mening dat

hier geen de minste vrees bestaat van een vijandelijke aanval door Cetswajo op de blanken of zelfs op onze kaffers. 7.

-
1. R. 1468/73.
 2. R. 1655/73.
 3. R. 633/74.
 4. R. 633/74
 5. R. 637/74
 6. R. 681/74.
 7. R. 682/74 - Sy brief van 9 Mei 1874.

Die Landdrost van Utrecht het Ketswajo self oor die onreelmatighe¹de op die grens gaan sien. Die Kaptein wou Oembilinie nie uitlewer nie. Hy het van die meide wat Oembilinie weggevoer het terug gestuur en voorgestel om hom te be²boet. Ketswajo het Oembilinie beboet en die beeste aan die Landdros³ gestuur. Die Uitvoerende Raad het egter besluit om die boete nie aan te neem nie, maar om die Landdros te beveel om Oembilinie te v⁴ang.

Die Landdros was bang dat botsing met Ketswajo sou ontstaan as hy 'n poging aangewend het om Oembilinie te vang. Hy het ook nie verder stappe in die saak geneem nie.⁵ Om kwessies op die grens vir goed uit die weg te ruim is die Soeloegrens op 25 Mei. 1875 opnuut bepaal,⁶ en Ketswajo hiervan kennis gegee

Teen die einde van 1875 het die onderhandelinge tussen die Soeloes en die Administrasie van Natal toegeneem en is sterker aangedring op Britse inmenging.⁷ In 1876 skryf Shepstone aan Lord Carnarvon, dat een van die redes wat aangevoer moes word vir die anneksasie van die Suid-Afrikaanse Republiek was, dat die Soeloes as gevolg van die grondkwessies net 'n geleentheid afgewag het om die Republiek in te val.⁸

Net soos al die ander Inboorlingstamme het die Soeloes toe hulle sterker geword het en beter gewapen was, hulle meer onafhanklik van die Boere gevoel.⁹ Daarby was hulle opgesweepteen die Boere deur die Boodsappe van Shepstone aan die Soeloes, dat die Suid-Afrikaanse Republiek hulle aanspraak

-
1. R. 758/74.
 2. R. 763/74.
 3. R. 861/74 en R. 25/75.
 4. U.R.B. 24 Junie 1874 Art. 60.
 5. R. 569/77.
 6. C. 1961 bls. 25.
 7. Dieselfde, bls. 17
 8. Dr. Uys: In the Era of Shepstone bls.127, 130.
 9. R. 822/76; C. 2252 bls. 47; R. 1532/75.

op die betwiste gebied bly handhaaf het.¹ Die sogenaamde vy-
andige houding van die Soeloos teenoor die Boere is egter
heeltemal oordrywe. Die Soeloos was van plan om die Swasies
aan te val en het impies daarvoor vergader.² Voor Shepstone
die Suid-Afrikaanse Republiek geannekseer het, het die Soeloe
leer nie die grens van die Republiek genader nie,³ en tot die
anneksasie is geïsoleerde plase deur Blankes in die nabyheid
van die Soeloe-grens bewoon.⁴ In Februarie 1877 laat Ketswajo
nog aan die Landdros van Utrecht weet dat

hij volstrekt nie wenscht om met zijne vaders de boeren in
oorlog te geraken, hij wil in vrede leven met hen zoo als
zijn vader Panda gedaan heeft. 5.

Daar was nie so 'n groot gevaar dat die Suid-Afrikaanse Re-
publiek nie in staat sou wees om die Soeloos terug te slaan
in geval hulle die Republiek ingetrek het nie.⁶

Daar het in die sewentiger jare merkbare verandering ge-
kom in die gesindheid van die Soeloos teenoor die Boere. Dit
was egter nie 'n gevolg van die onsimpatieke houding van die
Boere of verandering in die beleid wat die Republiek teenoor
die Soeloos gevolg het nie, maar ook in hierdie geval was
dit die invloed van Britse Imperialiste, wat die verhouding
tussen die Boere en die Inboorlinge as aanknopingspunt wou
gebruik om Britse grondgebied in Suid-Afrika uit te brei.⁷

Die beleid van die Suid-Afrikaanse Republiek teenoor die
Swasies en die Soeloos was weer 'n bewys dat die Boere
naturellegronddrekte erken het. Die Boere was besorg oor hulle
onafhanklikheid en het 'n eie seehawe as noodsaaklik vir die
voortbestaan daarvan beskou. Hulle sou graag Swasieland en
die Soeloegebied annekseer, maar dit was nie hulle beleid om
met geweld naturellegebied te verower nie.

-
1. R. 5/75; C. 1776, bls. 135, 150; Dr. Engelbrecht: T. F. Burgers bls. 320, e.v.
 2. R. 1279/76; St. Court. Z.A.R. No. 655, 18 Oktober 1876
 3. R. 401/75, R. 997/75; R. 1359/76; R. 822/76; Volkstem 3 September 1878.
 4. C. 2128, bls. 24.
 5. R. 569/77.
 6. C. 2482, bls. 47.
 7. Die sg. Soeloe-kwesie en inmenging van Shepstone word bespreek deur Dr. S.P.Engelbrecht in Thomas F. Burgers, 317-328